


NOVEMBER 2008
MARKONTLEDING
TABEL 1: KERN MARKAANWYSERS: OKTOBER 2008

AANWYSER	29 Augustus sluiting	Maandelikse beweging	Verwachting vir die maand
ALSI	20992	-2844 (-11.93%)	Toename
Nywerheidsindeks	20446	-940 (-4.40%)	Toename
Goudindeks	1689	-156 (-8.46%)	Toename
Finansiële Indeks	15452	-2613 (-14.46%)	Toename
SA Eiendomsindeks	271	-19 (-6.55%)	Toename
Rand/dollar	9.89	+156 (+18.73%)	Appresieer
Gold Price	\$729	-\$174 (-19.24%)	Toename
Dow Jones	9325	-1526 (-14.06%)	Toename
FTSE-100	4377	-525 (-10.71%)	Toename
Nikkei	85769	-2683 (-23.83%)	Toename
Hang-Seng	13968	-4048 (-22.47%)	Toename
R157	9.10%	+24 (+2.75%)	Afname

Die internasionale en plaaslike aandelemarkte ervaar een van die grootste onstuimigste beermarkbewegings sedert die groot aandelemark-ineenstorting in 1992. In die VSA het die Dow Jones met meer as 36% gedaal sedert die sub-prima krisis finansiële markte op 10 Oktober 2007 getref het. In dieselfde asem het Londen se FTSE met 33.9% gedaal, die Nikkei in Japan met 50.3%, die Hang Seng in Hong Kong met 50.15%, die Sydney Alle-Aandele Indeks in Australië met 40.4% en die ALSI op die JSE met 36.5%. Aandelemarkte het senuagtig gebly, ondanks die positiewe stemming wat geskep is deur regeringsaksies, naamlik die groot finansiële hulp-pakket van \$700 miljard wat deur die VSA aan die banksektor beskikbaar gestel is, die verlaging in rentekoerse van 50 basispunte in die VSA, asook die presidensiële verkiesingsoorwinning van mnr. Barack Obama. Beleggers het aandeelpryse hoër gedryf net om tydelik deur ekonomiese werklikhede teruggeskok te word. Die nuus dat die VSA werkloosheidskoers aansienlik tot 6.5% in Oktober gestyg het – die hoogste in 14 jaar – en dat nie-landbou indiensnamesyfers met 220 000 gedaal het, het 'n VSA resessie alles behalwe 'n werklikheid gemaak. Weens die nou verwantskap tussen ekonomiese groei en winste is winsrisiko's vir meeste VSA maatskappye dus 'n gegewe.

Die besluite van die Europese Sentrale Bank en die Bank van Engeland om rentekoerse onderskeidelik met 50 en 150 basispunte te verlaag, asook die investeringstimulasie-pakket in China, is te verwelkom. Dit behoort gedurende November tot 'n positiewer sentiment op aandelemarkte by te dra.

Figuur 1: Sal die JSE gedurende November herstel?



Ondanks die groei van bykans 12% in die JSE ALSI (tussen sy laagste vlak van 17 812 punte op 24 Oktober 2008 en die sluiting by 20 030 punte op 7 November 2008), sal die nuus dat die vooruitsig van Suid-Afrika se kredietgradering van stabiel tot negatief hersien is – weens die groot tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans en aanduidings dat kommoditeitspryse onder druk gaan bly – veroorsaak dat die volatiliteit op die JSE voortduur.

Nietemin is 'n herstel in aandelepryse in November baie moontlik, danksy die verwagte verdere skerp dalings in die petrolprys, stadiger stygings in voedselpryse, skerp daling in die inflasiekoers, sterker rand en internasionale portefeulje belangstelling in Suid-Afrikaanse aandele. Die positiewer sentiment wêreldwyd vanweë die gesamentlike pogings deur verskeie lande om verdere resessiedruk te bekamp, behoort ook kommoditeitspryse te ondersteun oor die volgende paar maande. Hulpbronaandele op die JSE kan dus verbeter.

TEGNIESE ONTLEDING

Die Top 40 Indeks het met 'n enorme 48.5% gedaal vanaf sy hoogtepunt op 22 Mei, en is baie naby aan die tegniese weerstandvlak van 50%. Dit wil voorkom of die Top 40 Indeks besig is om 'n vloergrondslag vir 2008 te vestig – die laagtepunt wat moontlik op die 27ste Oktober bereik is. Indien die indeks nie deur die laagtepunt van 16 122 daal nie, sal die Top 40 Indeks tot in 2009 herstel. Aankope van sommige aandele teen die huidige vlakke kan dus oorweeg word.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik: Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



TOP 40 Index



EKONOMIESE ONTLEDING

INTERNASIONAAL

Ekonome toestand in feitlik elke sektor en elke land het noemenswaardig versleg sedert die tweede kwartaal van 2008. Daar word inderdaad voorspel dat internasionale ekonomiese groei met sowat 40% kan daal in vergelyking met 2007. Groei in veral ontwikkelde lande soos die Verenigde State van Amerika en Europa het alreeds verdwyn, terwyl ontwikkelde lande 'n aansienlike verlangsaming in groei ervaar.

Dit word verwag dat internasionale ekonomiese groei vanjaar tot 3% kan daal in vergelyking met die 5% van verlede jaar. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het ook die vooruitsig vir volgende jaar tot 2.2% verlaag. In die VSA het die ekonomie in die derde kwartaal met 0.3% gekrimp, nadat dit nog groei van 2.8% in die tweede kwartaal aangeteken het. Volgens die Europese Kommissie, sal 'n inkrimping in die derde en vierde kwartale die EU groeikoers van 2.7% in 2007 tot gemiddeld 1.4% in 2008 halveer. 'n Verdere verlangsaming tot slegs 0.2% in 2009 word verwag. In China word die groeikoers vir 2008 naby 8% verwag vanaf dubbelsyfers verlede jaar. Die groeivoorsig vir 2009 voorspel egter dat dit tot 9% sal verbeter.

Die wankelende internasionale groeivoorsig het bygedra dat kommoditeitspryse in 'n vinnige pas daal. Die olieprys het laat-Oktober tot onder \$60 per vat gedaal in vergelyking met byna \$150 in Julie. Die platinumprys het so ook tot vlakke van \$800 per ons vanaf \$2200 gedaal. Die goudprys – wat gewoonlik as 'n toevlugsoord dien in tye van risiko – het van meer as \$1100 per ons tot onder \$800 gedaal.

Die positiewe wat uit laer kommoditeitspryse spruit is dalende internasionale inflasie en gevolglik laer rentekoerse in verskeie lande. Selfs al bly inflasie stemmig, sal dit die laaste ding wees waaraan sentrale bankiers dink, omdat meeste skarrel om die resessieskok te versag. Wêreldrentekoerse kan dus vir 'n verlengde tydperk laag bly.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



Laer rentekoerse en die bank-reddingspakkette van naby \$4 triljoen wat deur talle regerings aangebied word, sal nie genoeg wees om die resessieboeie in die VSA en Europa te breek nie. Vanaf die aanbodkant, moet vertroue weer in die bankstelsel herstel word om banke te oorreed om hul uitleenpraktyke te hervat. En vanaf die vraagkant behoort die massiewe verlagings in rentekoerse deur fiskale stimulus-pakkette aangevul word. So byvoorbeeld kan belastingverlagings en beleggingsbesteding om die koop van eiendom deur huishoudings aan te moedig – en om werk te skep.

Hoewel dit 'n stadige herstelperiode sal wees, sal ontwikkelings in die VSA die sleutel tot hierdie proses wees. Pas verkose president Barack Obama sal voor die reuse taak te staan kom om die fiskale tekort van meer as 12% van bruto binnelandse produk te verminder, maar gelyktydig besteding in die ekonomie te stimuleer. Dit is opmerklik dat die VSA nasionale skuldvas vanaf \$5.7 triljoen tot meer as \$11 triljoen gestyg het toe die Bush-administrasie 8 jaar gelede oorgeneem het – weens oorlog en bank-reddingspakket-finansiering.

Dit sal uiteindelik die VSA inhaal en die versterkende dollar onder druk plaas om in die lang termyn te verswak. Die likiditeit wat in die banksektor ingespuut word, sal in inflasie ontwikkel, wat rentekoerse onder druk plaas om te styg en daardeur 'n deel van die verswakking van die dollar neutraliseer. Die netto resultaat kan egter rand-positief wees omdat dit – in die lang termyn – daartoe sal bydra dat die rand weer versterk.

SUID-AFRIKA

Ekonomiese groei

Nieteenstaande 'n verlangsaming in ekonomiese groei in die tweede helfte van hierdie jaar (derde kwartaal groei sal op 25 November aangekondig word), behoort die groei koers vir 2008 danksy hoë groei in investering- en staatsbesteding steeds 3% te oorskry. Die konstruksie-, vervoer- en telekommunikasie- asook landbousektore behoort die beste presteerders te wees.

Met inagneming van die impak van hoër rentekoerse en inflasie, asook die dalende internasionale vraag na Suid-Afrikaanse uitvoere, kan die groei koers volgende jaar tot onder 3% terug sak. Ten spyte van die verwikkelings en sienings van ander ontleders, voorspel *Dynamic Wealth* nie 'n ekonomiese resessie vir Suid-Afrika nie – omdat investering- en staatsbesteding vermenigvuldigers groei sal ondersteun.

Dit word verwag dat die herstelperiode in die tweede helfte van volgende jaar sal vernel.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik: Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



TABEL 2: KERN EKONOMIESE AANWYSERS

EKONOMIESE AANWYSER	Nuutste*	Periode	Vorige	2007	2006
Verbruikersprysinflasie (VPI)	13.1%	Sept	13.7%	7.1%	4.7%
Inflasieteiken(VPIX)	13%	Sept	13.6 %	6.5%	4.6%
Produksieprysinflasie: PPI	16%	Sept	19.1%	10.0%	7.7%
M3-Geldvoorraad	15.2%	Sept	15.4%	22.2%	22.8%
Privaatsektor Kredietverlening	16.4%	Sept	18.6%	23.7%	24.1%
Repokoers	12%	Sept	12%	11.0	8.0
Primakoers	15.5%	Sept	15.5%	14.5%	12.5%
Lopende Rekeningtekort – werklike bedrag (R'miljard)	R39.1	KW2	R41.1	R145	R112.4
Handelstekorturplus(-)/ S (R'miljard) SARS bedrag ^{***}	-R61.6	Jan- Sept	-R54.4	R69.3	-R68.6
Buitelandse Aankope: Aandele en Effekte (R'miljard)	-R9	Jan- Sept	R11.7	R83.8	R107.8
Reserwes na Finansiering van Lopende Rekeningtekort (R'miljard)	R19.9	Jan- Sept	R18.2	R47.8	R29.7
Netto Buitelandse Reserwes (\$'miljard)	\$32.1	Okt	\$33.6	\$31.3	\$22.98
Ekonomiese Groei	4.9%	KW2	2.1%	5.1%	5.4%
Kleinhandelverkope	-5.5%	Aug	-4.6%	5.1%	9.6%
Vervaardigingsproduksie-Volume	0.4%	Aug	3.5%	4.1%	4.8%
Werkloosheid (amptelike definisie)	23.2%	KW3	23.1%	25.5	25.6%

* Die terme periode, jongste en vorige verwys na die jaar-tot-jaar groei in die betrokke aanwyser vir onderskeidelik die jongste beskikbare en vorige maand. Ekonomiese groei verwys egter na die groei in een kwartaal na 'n volgende kwartaal, uitgedruk in jaarterme en aangepas vir seisoensfaktore – vorige verwys dus na die groei tussen die vorige twee kwartale. Kumulatiewe syfers verwys na die totale bedrag van die begin van die jaar tot die jongste en vorige maande. Die repo- en primakoers verwys na die koers op die vorige rentekoersvergadering en jaareinde koerse.

** Die handelstekort van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens soos bo aangetoon verskil van die werklike bedrag wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik word omdat die Reserwebank ook handel na die doeane-unie sluit.

Wanbalanse verminder

Die wanbalanse wat tot die vinnige, maar ongesonde en dus onhandhaafbare ekonomiese groeikoerse oor die afgelope vier jaar gelei het, is uiteindelik besig om te verklein.

Soos die tabel toon, is groei in krediet aan die private sektor besig om in 'n relatiewe vinnige pas te verstadig. Daarby daal huishoudelike verbruiksbesteding in verskeie kategorieë. Voorts het die dalende spaarkoers na 'n stygende neiging omgeskakel. Gevolglik verlangsaam groei in geldvoorraad ook.

Hoewel hierdie ontwikkelings die druk op inflasie verminder, is daar steeds verskeie wanbalanse in die aanbodkant van die ekonomie. Dit sluit in die tekort aan vaardighede, swak dienslewering, tekort aan voldoende produksiekapasiteit en vergelykbare hoë groei in invoere om infrastruktuur gebreke te finansier. Totdat hierdie tekorte reggestel word, sal 'n vasgestelde vlak van inflasiedruk (wat vir vier jaar deur die sterk rand onderdruk was) behoue bly.

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sal ook hoog bly weens strukturele probleme met Suid-Afrikaanse ekonomiese beleid wat stygings in buitelandse betalings ondersteun, maar soortgelyke stygings in buitelandse ontvangste beperk. Totdat die magdom betrokke kwessies getakel word, sal die lopende rekeningtekort by vlakke van 7% van bruto binnelandse produk bly.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.




Inflasie en rentekoerse

Nadat inflasie in Augustus uiteindelik 'n hoogtepunt van 13.6% bereik het, behoort dit nou in 'n stadiger tempo te styg. Afgesien van die genoemde aanbodinflasiedrywers, sal 'n paar faktore sleutelrolle speel in die toekomstige verloop van inflasie.

Eerstens sal die inflasieteikenmaatstaf vanaf Januarie 2009 verander van die VPIX tot VPI vir alle stedelike gebiede (VPIS). Weens sommige groot veranderings in die gewigte van sekere goedere en dienste in die VPIS, sal nuwe inflasiedrywers te voorskyn kom. Die nuwe drywers sal huurinflasie wees met 'n gewig van 16% – ongeveer gelyk aan dié van voedsel. Daarby sal die gewig van die koste van motors aansienlik vergroot. Dit sal opwaartse druk op die VPIS plaas wanneer motorvervaardigers hul progressiewe prysstygings van tot 25% in werking stel ('n styging van 8% het reeds in Augustus begin). Die gewig van petrol sal egter effens daal. Hoewel die nuwe gewigstoekennings 'n tegniese daling in VPIS vir Januarie 2009 sal veroorsaak, sal klarigheid oor die impak van hierdie veranderings einde Februarie duidelik word (wanneer die VPIS vir Januarie aangekondig word).

Tweedens sal die netto impak van die daling in kommoditeitspryse teen die rand se depresiasie gewoeg word. Kommoditeitspryse het gemiddeld met 25% in dollarterme gedaal. Hoewel die daling in randterme teen slegs 20% kleiner is, dui dit tog op 'n netto verlagingsempak op inflasie.

In die derde geval kan die rand depresiasie bydra tot tweede-rondte inflasie wat die pryse van baie goedere en dienste teen die tweede helfte van volgende jaar kan beïnvloed. Die impak van hierdie verskynsel moet fyn dopgehou word. Veral omdat rentekoerssensitiewe inflasie ('n aanduiding van tweede-rondte prysstygings voortspruitend uit die swakker rand) eers onlangs vinniger begin styg en dus sy bydrae tot die VPIX vergroot het. Die daling in die VPIX vir September tot 13% is inderdaad veroorsaak deur nie-sensitiewe rentekoersinflasie. Dit het van 20.4% in Augustus tot 18.8% gedaal. Daarteenoor het rentekoerssensitiewe inflasie met 8.1% in September gestyg teenoor 6.8% drie maande tevore. Gevolglik het rentekoerssensitiewe inflasie se bydrae tot VPIX tot 34% in September gestyg vanaf 30% in Julie (sien grafiek.)



Indien die tweede-rondte impak van die rand se skerp depresiasie sterker deurvloei na pryse, kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank rentekoersverlagings tot Junie volgende jaar uitstel. Die probleem wat die Reserwebank in die gesig staar is dat die tweede-rondte inflasie slegs sigbaar word na 'n verlengde tydperiode. Dit sal rentekoersbesluite kompliseer.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



Gevolgtrekking

Terwyl wêreldgroeï struikel, sal die Suid-Afrikaanse ekonomie aanhou groeï, alhoewel in 'n stadiger pas. Maatskappye in meeste sektore sal steeds wins maak en toenames in werkloosheid sal gedemp word. Onderwyl veral vraagkant wanbalanse verminder, sal wanbalanse aan die aanbodkant voortduur. Omdat dit maklik 'n nuwe inflasieborrel kan veroorsaak, sal rentekoersveranderings versigtig benader word.

Prof Chris Harmse
Hoof Ekoonom

Johann van Tonder
Ekoonom

Tony Gustavo
Senior Handelaar en Tegnieise Ontleder

November 2008

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertrou wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

